# PROCLAMATIONS • PROKLAMASIES

## DEPARTMENT OF FORESTRY, FISHERIES AND THE ENVIRONMENT

## PROCLAMATION NOTICE 135 OF 2023

**By the**

**President of the Republic of South Africa**

**TRANSFER OF AVIATION METEOROLOGICAL OVERSIGHT FUNCTION UNDER THE SOUTH AFRICAN WEATHER SERVICE ACT, 2001 (ACT NO. 8 OF 2001) TO THE MINISTER RESPONSIBLE FOR TRANSPORT**

In terms of section 97 of the Constitution of the Republic of South Africa, 1996, I hereby, transfer the aviation meteorological oversight function specified in the South African Weather Service Act, 2001 (Act No. 8 of 2001), to the specified Cabinet member as set out in the Schedule with effect from the date of publication of this Proclamation in the *Gazette.*

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Johannesburg on this ....22....... day of

January...... Two Thousand and Twenty Three

**MR MATAMELA CYRIL RAMAPHOSA**
**PRESIDENT**

**By Order of the President -in-Cabinet**

**MR FIKILE APRIL MBALULA**

**MINISTER OF THE CABINET**

240522lt

## SCHEDULE

1. The administration of the provision of the South African Weather Service Act, 2001 (Act No. 8 of 2001), mentioned in Column 1 of the table below and administered by the Cabinet member mentioned in Column 2 of that table, is hereby transferred to the Cabinet member mentioned in Column 3 of the table.

2. Column 3 of the table below states the relevant Minister and the extent of transfer of administration of the provision of the South African Weather Service Act, 2001 (Act No. 8 of 2001), mentioned in Column 1 to that Minister.

**THE SOUTH AFRICAN WEATHER SERVICES ACT, 2001 (ACT NO. 8 OF 2001)**

| Column 1 | Column 2 | Column 3 |
|---|---|---|
| The South African Weather Service Act, 2001 (Act No. 8 of 2001)<br>(a) Section 3*(f)*. | Minister responsible for forestry, fisheries and the environment. | Minister responsible for transport.<br>Extent of transfer:<br>Section 3*(f)*, to the extent that it designates the South African weather service as the Aviation Meteorological Authority to fulfil the international obligations of the Government under the Convention of the International Civil Aviation Organization. The obligation that is transferred is that which relates to the oversight of aeronautical meteorological services. |

G.P.-S. 81/172468

Z1?
(81/17248

**PRESIDENT'S MINUTE NO.** 343/2022

**TRANSFER OF FUNCTIONS UNDER SECTION 97 OF THE CONSTITUTION OF THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA, 1996:**

In terms of section 97 of the Constitution of the Republic of South Africa, 1996, I hereby, by means of the accompanying proclamation in English and Afrikaans, transfer the aviation meteorological oversight function specified in section 3*(f)* of the South African Weather Service Act, 2001 (Act No. 8 of 2001), to the Minister responsible for Transport with effect from the date of publication of this Proclamation in the *Gazette*.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Johannesburg on this ...22...... day of ...January... Two Thousand and Twenty Three

Mr Matamela Cyril Ramaphosa
**PRESIDENT**

Ms Barbara Dallas Creecy
**MINISTER OF THE CABINET**

Mr Fikile April Mbalula
**MINISTER OF THE CABINET**

## DEPARTEMENT VAN BOSBOU, VISSERYE EN DIE OMGEWINGSAKE

## PROKLAMASIE KENNISGEWING 135 VAN 2023

**deur die**

**President van die Republiek van Suid-Afrika**

**OORDRAG VAN LUGVAARTWEERKUNDIGE TOESIGFUNKSIE KRAGTENS DIE WET OP DIE SUID-AFRIKAANSE WEERDIENS, 2001 (WET NO. 8 VAN 2001), NA DIE MINISTER VERANTWOORDELIK VIR VERVOER**

Ingevolge artikel 97 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, dra ek hierby die lugvaartweerkundige toesigfunksie gespesifiseer in die Wet op die Suid-Afrikaanse Weerdiens, 2001 (Wet No. 8 van 2001), oor aan die gespesifiseerde Kabinetslid luidens die Bylae met ingang van die datum van publikasie van hierdie Proklamasie in die *Staatskoerant*.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Johannesburg op hede die 22 dag van Januarie Tweeduisend Drie-en-twintig.

**MNR MATAMELA CYRIL RAMAPHOSA**
**PRESIDENT**

**Op las van die President-in-Kabinet**

**MNR FIKILE APRIL MBALULA**

**MINISTER VAN DIE KABINET**

## BYLAE

1. Die administrasie van die bepaling van die Wet op die Suid-Afrikaanse Weerdiens, 2001 (Wet No. 8 van 2001), in Kolom 1 van die onderstaande tabel vermeld en geadministreer deur die Kabinetslid vermeld in Kolom 2 van daardie tabel, word hierby oorgedra aan die Kabinetslid in Kolom 3 van die tabel vermeld.

2. Kolom 3 van die onderstaande tabel vermeld die tersaaklike Minister en die omvang van die oordrag van die bepaling van die Wet op die Suid-Afrikaanse Weerdiens, in Kolom 1 vermeld, aan daardie Minister.

**DIE WET OP DIE SUID-AFRIKAANSE WEERDIENS (WET NO. 8 VAN 2001)**

| Kolom 1 | Kolom 2 | Kolom 3 |
|---|---|---|
| Die Wet op die Suid-Afrikaanse Weerdiens, 2001 (Wet No. 8 van 2001)<br>(a) Artikel 3*(f)*. | Minister verantwoordelik vir bosbou, visserye en die omgewing. | Minister verantwoordelik vir Vervoer.<br>Omvang van oordrag:<br>Artikel 3*(f)*, vir sover dit die Suid-Afrikaanse Weerdiens as die Lugvaartweerkundige Owerheid aanwys om die internasionale verpligtinge van die Staat kragtens die Konvensie van die Internasionale Burgerlike Lugvaartorganisasie te vervul. Die verpligting wat oorgedra word is dié wat verband hou met toesig oor die lugvaartweerkundige dienste. |

G.P.-S. 81/172483

219
(81/17248

THE PRESIDENT
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**PRESIDENTSMINUUT NO.** 343/2022.

**OORDRAG VAN FUNKSIES KRAGTENS ARTIKEL 97 VAN DIE GRONDWET VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA, 1996**

Ingevolge artikel 97 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, dra ek hierby, by wyse van die bygaande proklamasie in Engels en Afrikaans, die lugvaartweerkundige toesigfunksie gespesifiseer in artikel 3*(f)* van die Wet op die Suid-Afrikaanse Weerdiens, 2001 (Wet No. 8 van 2001), oor aan die Minister verantwoordelik vir Vervoer met ingang vanaf die datum van publikasie van hierdie Proklamasie in die *Staatskoerant*.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika by Johannesburg op hede die 22 dag van January Tweeduisend Drie-en-twintig.

Mnr Matamela Cyril Ramaphosa
**PRESIDENT**

Me Barbara Dallas Creecy
**MINISTER VAN DIE KABINET**

Mnr Fikile April Mbalula
**MINISTER VAN DIE KABINET**